MUSIEKSENTRUM
LAERSKOOL
BELLVILLE-NOORD

Musiek – inligtingsbrosjure: 2018

1. **Inleiding**

Die musiekpersoneel wil graag by hierdie geleentheid u en u kind by die Musiekdepartement welkom heet. Ons missie is om u kind toe te rus met 'n deeglike musiekkennis, 'n liefde vir die vak asook om vrymoedigheid in kreatiwiteit te bevorder.

2. **Onderrig wat aangebied word**

Individuele en groepsonderrig word in die volgende instrumente aangebied:

Klavier (slegs individueel), Blokfluit en Kitaar.

Leerders wat vir eksterne teorie – eksamens ingeskryf word, word aanbeveel om een keer per week vir teorieklasse te gaan.

3. **Geleenthede vir optredes wanneer die leerders reg is:**

'n Wye verskeidenheid optredes word gebied:

Musiekaande

Optrede by saalbyeenkomste

Kulturele aangeleenthede

Eisteddfod

4. **Aansoek vir toelating tot musiekonderrig**

- Voltooi die toelatingsvorm verkrygbaar by die sekretaresse of by die Musiekopvoeders.
- Handig die voltooide vorm by die Musiekopvoeders in.
- Ouers word ingelig sodra daar 'n opening vir die leerder is.

5. **Onderrigfooie vir 2018 (per kwartaal)**

STRENG VOORUIT BETAALBAAR OP DIE EERSTE DAG VAN ELKE KWARTAAL

½ uur onderrig per week – individueel	R780
½ uur onderrig per week – in groepsverband	R580
Teorie: (Groepsverband)	
Gedurende skoolure: ½ uur per week	R350

Lesse begin gedurende die tweede week van die akademiese jaar en die onderrig word afgesluit tydens die tweede laaste week van die akademiese jaar. **Om onderrig te staak word 'n skriftelike kennisgewing vir 'n volle kwartaal vereis. Skoolfonds moet u eerste prioriteit wees. Geen leerder mag musiek neem as daar uitstaande skoolfonds is nie.**

6. Vereistes en Benodigdhede

- Instrumente en boeke
- Musiektassie en 'n tuiswerkboek
- Leerders word aangemoedig om hul eie instrumente en boeke aan te koop.

7. Assesering

Assessering is deurlopend. Leerders doen tydens die tweede asook die vierde kwartaal 'n interne eksamen. Die uitslag van hierdie eksamen sal ook op die rapport aangedui word.

8. Toewyding

Tot lesse:

Dit word verwag dat leerders daagliks tuis sal oefen. Indien hul onseker is aangaande die nodige lengte van oefentyd moet hulle by hul musiekopvoeder navraag doen.

Tot Ensembles:

Indien 'n leerder afwesig is of nie 'n oefening kan bywoon nie, moet hy/sy geskrewe kennisgewing by die verantwoordelike opvoeder inhandig. Wanneer deelname gestaak wil word, moet die ouer asseblief skriftelik kennis gee. **Indien die geval van 'n leerder wat 'n gebrek aan toewyding toon, kan hy/sy versoek word om aan die ensemble te onttrek.**

9. Ouerbetrokkenheid

- Verseker dat u kind gereeld oefen.
- Verseker dat u kind betyds is vir konserte / oefeninge.
- Verseker dat u kind nie oorbetrokke is by buitemuurse aktiwiteite en dus sy/haar musiek afskeep nie.
- Toon aktiewe belangstelling in u kind se oefening en vordering.
- Maak asseblief seker dat die musiekfooie op die eerste dag van elke kwartaal betaal word.

LAERSKOOL BELLVILLE – NOORD

AANSOEKVORM: MUSIEKONDERRIG 2018: PRIVAAT

Leerders:

Naam en van: _____ Ouderdom: _____

Geboortedatum: _____ Graad: _____

Ouers / Voogde:

Vader:

Naam en Van: _____

Kontaknommers: (h)_____ (sel)_____

Moeder:

Naam en Van: _____

Kontaknommers: (h)_____ (sel)_____

Persoon verantwoordelik vir rekening: _____

Epos: _____

Instrument waarin onderrig verlang word: (omkring die toepaslike):

KLAVIER BLOKFLUIT KITAAR

Onderrig tydens skoolure per kwartaal (merk jou keuse)

[ ] ½ uur individuele onderrig per week: R780

[ ] ½ uur groep onderrig per week: R580

[ ] ½ uur Teorie groep onderrig: R350 (Slegs vir Unisa teorie Graad 1 tot 3 kanidate)

Teorieboeke en Repertoirboeke is 'n addisionele koste

Ek neem kennis van die inhoud van die inligtingsbrosjure en aanvaar die voorwaardes.

Ek verstaan dat my eerste prioriteit teenoor skoolfonds moet wees en dat musieklesse gestaak sal word indien daar enige uitstaande skoolfonds is.

Handtekening: _____